



Bepalings en voorwaardes 2017

akademia

1 Die ooreenkoms

- 1.1 Die partye bevestig dat die elektroniese aansoekvorm, soos deur die student voltooi, alle skrywes rondom registrasie en hierdie terme en voorwaardes gesamentlik die ooreenkoms daarstel en bindend op die partye sal wees.
- 1.2 Desnieteenstaande 1.1 hiervan kom hierdie ooreenkoms eers tot stand by die versending deur Akademia van skriftelike bevestiging dat die student vir die betrokke akademiese tydperk aanvaar en geregistreer is.

2 Dienste deur Akademia

- 2.1 Akademia bied aan die student die geleentheid om te registreer vir 'n program wat lei tot die verkryging van 'n geakkrediteerde en geregistreerde kwalifikasie.
- 2.2 Akademia lewer studieondersteuningsdienste soos per die vereistes van die statutêre akkreditasieliggaam. Hierdie dienste sluit onder meer in:
 - 2.2.1 Die verskaffing van 'n elektroniese toestel vir gebruik in die Akademia-onderrigmodel.
 - 2.2.2 Gedesentraliseerde kontakssessies aangebied deur gekwalifiseerde akademiese personeel.
 - 2.2.3 Die daarstelling van 'n aanlyn ondersteuningstelsel wat onder meer toegang bied tot elektroniese studiemateriaal, 'n elektroniese biblioteek en 'n kommunikasiefasiliteit.
- 2.3 Akademia lewer vereiste administratiewe dienste ter ondersteuning van die studieprogram en finale sertifisering.
- 2.4 'n Sertifikaat sal slegs uitgereik word ná voltooiing van die studies indien die toepaslike evaluering suksesvol geslaag is en die student se rekening ten volle vereffen is.

3 Verantwoordelikhede van die student

Die student moet:

- 3.1 'n Volledige aansoek indien vir oorweging deur Akademia.
- 3.2 Alle verskuldigde studiegelde betaal.
- 3.3 Die gedragkode van Akademia nakom.
- 3.4 Aan die programvereistes voldoen soos jaarliks gepubliseer in die dokument genaamd: *Studeer by Akademia*.
- 3.5 Alle kontakssessies en tutoriale (waar van toepassing) bywoon.
- 3.6 Voorsiening maak vir redelike internet toegang en verstaan dat internet toegang 'n voorvereiste is om by Akademia te kan studeer.
- 3.7 Voorsiening maak vir die implikasies van waarskynlike vertraging van dienste gelewer indien aansoek om registrasie gedoen word ná die sluitingsdatums van registrasies vir die betrokke akademiese jaar.

4 Bevoegdheid om ooreenkoms aan te gaan

- 4.1 Indien die kontrakterende party 'n regspersoon (bv. 'n besigheid) is, gee sodanige kontrakterende party hiermee die versekering aan Akademia dat die ondertekenaar aan die nodige wetlike vereistes en bevoegdheid voldoen om 'n ooreenkoms aan te gaan en onderworpe te wees aan die bepalinge en voorwaardes daarvan. Die besigheid neem volle verantwoordelikhede vir die terugbetaling van die totale skuld en aanvaar al die bepalinge en voorwaardes van die ooreenkoms in geheel.
- 4.2 Indien die kontrakterende party 'n individu is, verklaar sodanige student hiermee dat hy/sy wettig onderworpe is aan hierdie ooreenkoms en dat, in die geval van beperkte kontraktuele bevoegdheid, die ouer/voogd of kurator of medehoofskuldenaar verantwoordelik sal wees vir die terugbetaling van die totale skuld. Hy/sy aanvaar, gesamentlik en afsonderlik met die student, al die bepalinge en voorwaardes van die ooreenkoms in geheel.

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is voorwaardelik by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding tot 31 Desember 2017 as privaat hoërondewysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005 • Adres: Von Willichlaan 284, Centurion
Posadres: Posbus 11760, Centurion, 0046 • Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), Dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.J. le Roux, Prof. J. van der Elst en P.W.A. Steyn.

Akademia is deel van die Solidariteit Beweging

www.akademia.ac.za • 0861 222 888



5 Besonderhede van die student

Die student waarborg dat die inligting verskaf in hierdie aansoekvorm waar en korrek in elke opsig is en dat kontrakbreuk van 'n wesenlike deel van die betrokke ooreenkoms sal wees indien sulke inligting of 'n gedeelte daarvan as bedrieglik, onwaar of vals bevind word. In so 'n geval sal Akademia geregtig wees om die student se registrasie te kanselleer. Die student onderneem om Akademia binne 7 (sewe) dae skriftelik in kennis te stel van enige wesenlike veranderinge ten opsigte van die student se kontakbesonderhede, insluitende, maar nie beperk nie tot besigheids-, pos- of straatadres, huis-, werk- of selfoonnummer(s) en e-posadres.

- 5.1 Bereikbare adres
Die student kies die adres soos hierin verskaf as *sy/haar domicilium citandi et executandi* vir alle doeleindes wat mag voortspruit uit hierdie ooreenkoms.
- 5.2 Ander
Die student stem toe daartoe dat Akademia die reg voorbehou om:
 - 5.2.1 Die student se inligting te gebruik om die student te voorsien van materiaal en andersins om Akademia se verpligtinge na te kom en Akademia se regte uit te oefen binne hierdie ooreenkoms.
 - 5.2.2 Die student se inligting te gebruik om die student in kennis te stel van Akademia se ander programme, produkte of dienste wat vir die student van belang mag wees.
 - 5.2.3 Die student se inligting te deel met maatskappye in die Solidariteit Beweging ten einde hulle in staat te stel om die student in te lig van ander produkte wat vir die student van belang mag wees.
- 5.3 Indien enige van die dokumente vereis in die registrasievorm, insluitende maar nie beperk tot identiteitsdokumente nie, uitgereik is in die nooiensvan van 'n getroude aansoeker, moet 'n gewaarmerkte afskrif van die huweliksertifikaat hierdie aansoek vergesel.
- 5.4 Akademia mag navraag doen oor die geldigheid van sy/haar verworwe kwalifikasies.
- 5.5 Akademia onderneem om vroegetydig 'n jaarplan aan die student beskikbaar te stel wat die toepaslike datums en spertye ten opsigte van die volgende bevat:
 - Kontaksessies
 - Inhandiging van werksopdragte
 - Toetse en eksamens.

6 Registrasie

- 6.1 Registrasie is onderworpe aan die volgende voorwaardes:
 - 6.1.1 Die volledige voltooiing van 'n aansoekvorm,
 - 6.1.2 die student se voldoening aan die minimum toelatingsvereistes,

- 6.1.3 die student moet al die vereiste dokumente as bewys indien,
- 6.1.4 betaling van die vereiste registrasiegelde.
- 6.2 Onvolledige registrasievorms en -dokumentasie word nie as 'n geldige aansoek geag nie, en sal dus nie verwerk word nie.
- 6.3 Nadat die aansoeker sy aansoek volledig ingedien het en die toepaslike registrasiefooi betaal is, sal die aansoek oorweeg word aan die hand van die minimum toelatingsvereistes soos gepubliseer in die onderskeie programfeiteblaai.
- 6.4 Suksesvolle aansoekers sal skriftelik daarvan in kennis gestel word. Sodra hierdie kennisgewing uitgestuur is, ontstaan 'n ooreenkoms tussen die student en Akademia.
- 6.5 Die besluit om enige aansoek om registrasie te weier, val binne die uitsluitlike diskresie van Akademia.

7 Betaling

- 7.1 Alle bedrae betaalbaar moet op die tydstip en wyse betaal word soos gepubliseer op die webwerf en in die dokument: *Studeer by Akademia*.
- 7.2 Geen vergunning of toegewing wat Akademia aan die student mag verleen, sal geïnterpreteer word as 'n afstanddoening van Akademia se regte nie en dus nie 'n impak maak op Akademia se regte ingevolge hierdie ooreenkoms nie.
- 7.3 Alle aanspreeklikheid of verpligtinge wat na vore mag kom uit hierdie ooreenkoms, sal afdwingbaar wees op die student, selfs nadat die ooreenkoms afgeloop het.

8 Beperking van aanspreeklikheid

- Akademia sal geensins aanspreeklik gehou word, op enige manier hoegenaamd, vir skade, aanspreeklikheid of verliese wat spruit uit die materiaal, of enige ander saak of optrede soos bepaal deur die ooreenkoms nie. Spesifiek:
- 8.1 Akademia aanvaar geen verantwoordelikheid vir die nienakoming deur die student van die datums en spertye nie. Dit is die student se verantwoordelikheid om behoorlike beplanning te doen rondom die datums en spertye soos deur Akademia bepaal.
 - 8.2 Akademia behou die reg voor om wysigings tot die jaarplan te doen mits die omstandighede dit vereis.
 - 8.3 Alhoewel Akademia hom verbind om, sover dit redelikerwys moontlik is, opleidingsdienste deurlopend en betyds te verskaf, stem die student spesifiek in dat onderrig deur die gebruik van elektroniese mediums geskied en gevolglik afhanklik is van die verskaffing van telefoniese en datatoegang deur derde partye. Gevolglik stem die student saam dat Akademia nie verantwoordelik gehou kan word vir verlies of skade weens enige versuim deur Akademia om opleidingsdienste te verskaf, in omstandighede wat buite die beheer van Akademia is nie.

9 Vermindering van dienste deur student

- In die geval waar die student versoek om vakke te kanselleer; (student versoek om die bepalings van die ooreenkoms te verander) geld die volgende:
- 9.1 Kansellering van Registrasie en Dienste
- 9.1.1 Alle kanselleringsoeke moet skriftelik aan die Registrateur gerig word.
- 9.1.2 Met inagneming van die bepalings van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008, bevestig die student dat, deur registrasie as student, daar verskeie koste-implikasies na vore tree. Dit bring mee dat Akademia geregtig sal wees om, ooreenkomstig die verdere bepalings van hierdie klousule, verhalings vanaf die student te doen welke verhalings as redelike kanselleringsoeke geag word.
- 9.1.3 Bepalings
- Die student bevestig dan dat die bepalings hiernaas redelik, billik en afdwingbaar is:
- 9.1.3.1 Registrasiegelde is betaalbaar alvorens die aansoek oorweeg sal word;
- 9.1.3.2 Registrasiegelde is ná die betaling daarvan nie terugbetaalbaar nie en word verbeur indien die student kanselleer of versuim om die jaargelde te betaal;
- 9.1.3.3 In die geval waar die student ná betaling van die registrasiegelde sy studies kanselleer geld die volgende:
- a) Indien die student skriftelik kanselleer verbeur die aansoeker die registrasiefooi en is daar nie ander bedrae deur die aansoeker aan Akademia verskuldig nie;
- b) Indien die student skriftelik kanselleer nadat die eerste kontakssessie begin het, verbeur die student die registrasiegelde en sal verantwoordelik gehou word vir 50% van die totale studiegelde plus die gedeelte van die balans *pro rata* bereken as 'n persentasie van die reeds afgelope kontakssessies.
- 9.2 Vermindering van vakke
- Met betrekking tot skriftelike versoeke om vakke te verminder (uit te stel na die daaropvolgende jaar) bevestig die student dat die bepalings hiernaas redelik, billik en afdwingbaar is:
- 9.2.1 Vermindering tot en met afloop van kontakssessie 3 van die betrokke akademiese jaar:
- 9.2.1.1 Student moet nie minder as drie vakke neem vir die oorblywende deel van die betrokke akademiese jaar nie.
- 9.2.1.2 Student moet steeds die program in die maksimum toegelate tyd voltooi.
- 9.2.1.3 Reeds betaalde studiegelde vir die gekanselleerde vakke word op krediet geplaas vir die daaropvolgende akademiese jaar.
- 9.2.1.4 Student moet herregistreer die volgende akademiese jaar vir beide die program en vakke gekanselleer.
- 9.2.1.5 Enige verskil in die studiegelde wat op krediet geplaas is en die herregistrasie en studiegelde vir die betrokke akademiese jaar is betaalbaar deur die student.
- 9.2.2 Vermindering ná klastoets I van die betrokke akademiese jaar:
- 9.2.2.1 Student moet nie minder as drie vakke neem vir die oorblywende deel van die betrokke akademiese jaar nie.

- 9.2.2.2 Student moet steeds die program in die maksimum toegelate tyd voltooi.
- 9.2.2.3 Die student sal verantwoordelik gehou word vir 50% van die totale studiegelde (van die vakke wat uitgestel word) plus die gedeelte van die balans *pro rata* bereken as 'n persentasie van die reeds afgelope kontakssessies. Die oorblywende balans word op krediet geplaas vir die daaropvolgende akademiese jaar.
- 9.2.2.4 Student moet herregistreer die volgende akademiese jaar vir beide die program en vakke gekanselleer.
- 9.2.2.5 Enige verskil in die studiegelde wat op krediet geplaas is en die herregistrasie en studiegelde vir die betrokke akademiese jaar is betaalbaar deur die student.

10 Kontraktbreuk

Met inagneming van klousules 8 en 9 hiervan bevestig die student dat, indien hy/sy kontraktbreuk ingevolge hierdie ooreenkoms pleeg deur na te laat om enige paaiement voor/op die betaaldatum of andersins te betaal, sal die volle uitstaande bedrag onmiddellik betaalbaar wees, en sal Akademia gemagtig wees om sonder verdere kennisgewing voort te gaan teen die student om die skulde te verhaal. Die student sal ook verantwoordelik wees vir die regskoste op die prokureur-en-klënt-skaal, asook die koste van alle briewe, telefoonoprope, opsporingsgelde en ander verhalingsfooi en -onkoste wat aangegaan moet word as gevolg van die student se kontraktbreuk.

11 Tabletrekenaar

Akademia voorsien een maal 'n tabletrekenaar aan elke student met die aanvang van sy/haar program. Die doel hiervan is om seker te maak dat studente oor die nodige toestel beskik om by Akademia te studeer. Alhoewel studente hul eie toestelle mag gebruik, is dit hulle verantwoordelikheid om toe te sien dat hul toestelle geskik is vir al die vereistes van Akademia. Studente is verder verantwoordelik om hul toestelle byderhand te hê tydens kontakssessies en seker te maak die toestelle werk effektief.

12 Die student verklaar hiermee dat

- 12.1 Al die inligting in hierdie dokument korrek is.
- 12.2 Die student hom/haar vertrouwd sal maak met reëls en regulasies van Akademia van toepassing op die student.
- 12.3 Die student hom/haar verbind tot die nakoming van al die reëls en regulasies van toepassing op die student, asook verdere reëls en regulasies wat deur Akademia van tyd tot tyd gepromulgeer word.
- 12.4 Deur die rig van sy aansoek tot registrasie hy hom vergewis het van en verbind tot die nakoming van die terme en voorwaardes soos hierin vervat.
- 12.5 Die student slegs by een Hoër Onderwysinrigting geregistreer is vir 'n program wat tot 'n geakkrediteerde hoëronderwyskwalifikasie lei.